

Sing vooraf: Skrifberyming 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Psalm 68:12 (p. 335)

- 2 Loof God in sy gemeente alom, / o volk, uit Jakob voortgekom, / die eerste stammevader.
Hoe vrolik gaan na Sions top / die stamme uit hul wonings op / om voor Gods troon te nader!
Die kleinste, Benjamin, is daar, / 'n vors weleer; en Juda's skaar / met al die leeustryders;
ook Sébulon en Náftali / wat vir geen vyand sidder nie – / van ouds die volksbevyders.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Gebed

Psalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Skriflesing: Efesiërs 5

Teks: Efesiërs 5:25-27; Kategismus Sondag 21

Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. (Efesiërs 5:25-27 AFR53)

Ons praat deesdae so maklik van 'n Kerk en wat dit is. Ons lees in tydskrifte en ons hoor oor die media van mense wat sommer aan die Bybel verander en nuwe kerke stig. Is dit so maklik? Die antwoord is: Die Kerk is God se eiendom en Hy het dit ingestel en die reëls vir kerkwees neergelê. 'n Kerk is 'n baie gekompliseerde instelling:

- Die kerk is 'n baie innige gemeenskap tussen Jesus Christus en sy uitverkorenes.
- Dis 'n liefdesverhouding tussen God en ons.
- Dis ook 'n heilige verhouding tussen God en ons.
- Dit is ook 'n verhouding waar die kerk (uitverkorenes) in die beskerming van God staan.

Daarom vergelyk die Here in die gedeelte die verhouding tussen die man en sy vrou met Jesus en die kerk.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

1. Die wese van die kerk van die Here

2. Die taak van die kerk

1. Die wese van die kerk van die Here

Kom ons kyk eerste na die wese van die kerk. Wat is die kerk?

- Die heel eerste ding wat mens sal moet weet is dat die kerk die eiendom van die Here is.
- Ons woord **kerk** beteken **dit wat aan die Here behoort**,
- en ons woord **gemeente** beteken **die uitverkiestes**.

Dink aan die uitspraak wat die Here Jesus maak in Matteus 16:19. Die Here was daar in gesprek met Petrus nadat Petrus bely het dat Jesus die Seun van die lewende God is.

- Toe het Jesus gesê dat **Hy sy gemeente op hierdie rots sal bou**.
 - Hieruit is dit duidelik dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is.
- Ons lees daarby in Handeling 2:47 dat die Here daagliks die mense wat gered is, by die gemeente gevoeg het.
- Ons vat die twee sake saam: Jesus bou self sy kerk, en Hy voeg daagliks mense by.

Dink net waarom die Here die kerk sy eiendom noem.

- Die eerste rede is sekerlik dat dit is omdat Hy ons Skepper is.
- Die verdere rede is dat die Here ons weer gaan terughaal het na Hom toe nadat ons onself van Hom vervreem het.
 - Dit is gedoen deur die verlossing en versoening deur die Here Jesus Christus.
 - Christus het gesterf en die dood oorwin, en versoening tussen die kerk en God bewerk.
 - Ons is dus inderdaad dubbeld eiendom van God.

Aan die hand van die genoemde Skrifgedeeltes kan ons al klaar sien dat die kerk 'n instelling is wat deur God gemaak is, en dat God die getalle van die kerk ook beheer. Hy voeg elke dag die wat gered is by die kerk.

Wat verder duidelik is van die kerk, uit veral Handeling 2, is dat die kerk 'n groep mense is wat nie net aan God behoort nie,

- maar wat ook *lewende gemeenskap met mekaar beoefen*.
- Hulle het elke dag in die tempel en in mekaar se huise saamgekom om te bid en die nagmaal te gebruik.

Hulle sou nie so baie kerk gehou het, en alles saam gedoen het, as hulle dit nie so verstaan het dat die Here wil hê dat hulle dit moet doen nie. Daarom laat die Here dit opteken!

- Die Here onderstreep daarmee die belangrikheid van kerkbesoek.
- Die beginsel van gelowiges wat op alle vlakke saam 'n eenheid vorm, kry ons dus hier.
- Daar kom nog iets by: Om aan die kerk te behoort, beteken dat jy op 'n onsigbare manier (verborge manier) met God Drie-Enig gemeenskap het. Ons lees dit in Kolossense 3:2, 3.

Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

(Kolossense 3:2-3 AFR53)

Dit staan ook in 1 Korintiërs 1:9 dat God ons geroep het tot gemeenskap met sy Seun.

- Ons het dus deel aan Jesus Christus se verlossing, en aan die genade wat Hy aan ons gee – dus ook aan die leiding en troos van die Heilige Gees, want die Heilige Gees word juis kragtens Jesus Christus se versoeningswerk oor ons uitgestort.

2. Die taak van die kerk

Kom ons kyk wat die kerk, wat roem in die versoeningswerk en verlossing van die Here Jesus Christus, alles moet doen.

- Ons moet geloofsvrugte dra. Dit beteken dat ons fisiese geloofsbeoefening duidelik na vore moet kom in letterlik alles wat ons doen.
- Die *vergewing van sondes* is een van die vrugte wat ons ontvang deur die verlossing van die Here Jesus Christus: Die Here sterf sodat die hele kerk met God versoen kan word, en sodat daar dan nie een lidmaat van sy heilige algemene Christelike kerk verlore sal gaan nie.
 - Maar dan moet ons lewe soos versoendes met God!
 - Ons lewe moet nie toon dat ons so besig geraak het met onself dat ons onself **kerk** noem, maar inderwaarheid in diens van onself staan nie.

Daarom moet die kerk voortdurend:

- bid vir vergewing van hulle oortredinge teenoor die Here en teenoor mekaar,
- besin oor wat reg en verkeerd is, en
- hierin moet die Bybel die maatstaf wees!

Die kerk moet openlik die eienskap dra dat God in hom tuis is.

- Die geskiedenis het geleer dat die kerk in die verlede al dikwels 'n pad ingeslaan het wat verkeerd is, en dat daar dan eers 'n reformasie moes kom om die kerk weer op die regte pad te bring.

Dit bring ons vanself by die merktekens van die ware kerk. *Wat moet 'n kerk doen wat wil bly by dit wat hom werklik die liggaam van die Here maak, en wat moet bewys lewer daarvan dat sy lede uitverkorenes is, wat deur God geroep en by die kerk gevoeg is?*

- Die eerste is dat die ware leer van die saligheid in daardie kerk verkondig moet word.
 - 'n Kerk met 'n valse leer kan nie daarop aanspraak maak dat hy die liggaam van die Enigste ware God is, en dat hy in die hiernamaals by hierdie God sal wees nie.
 - Om die leer suiwer te kan verkondig moet hierdie kerk ook toesien dat sy lede suiwer lewe.
 - *Dit beteken dat die tug gehandhaaf moet word, om diegene wat vals glo en vals lewe tot bekering te beweeg, en as hulle nie tot bekering wil kom nie, uit die kerk uit te ban.*
- Die verdere eienskap van die ware kerk is dat hy ook die sakramente suiwer moet bedien, want die sakramente is niks anders as prediking nie.
 - Wanneer is sakramente suiwer? Alleen wanneer dit bedien word soos wat die Here dit ingestel het.
 - Alle menslike byvoegings en uitvindings of verbuigings beteken vervalsing van die sakramente.

- Maar sakramentsbediening is in sy wese baie nou verbind aan die tug, want die kerk moet toesien dat niemand wat vals glo en verkeerd lewe, die sakramente van verlossing geniet nie.
 - Daarom is die derde eienskap die handhawing van die tug.
 - Die oomblik wanneer hierdie eienskap van die kerk los gelaat word, val die ander twee ook inmekaar, want as 'n dwaalleraar nie uit 'n gemeente uitgeban word nie, beïnvloed hy baie gou die gemeente.
 - Dit is nie lank nie dan vestig hy 'n dissipelkorps – en dan gaan dit met daardie gemeente afdraand.

Dit help niks om al hierdie mooi dinge te weet en te bely dat die kerk aan die Here behoort, en ons lewe weerspieël dit nie.

- Ons weet wat is die kerk, maar waar staan ons? Is ons die liggaam van die Here? Kan ons bo alle redelike twyfel aan enige iemand wys dat ons die liggaam is wat deur ons Hoof – die Here Jesus – bedryf word?

Ons moet te alle tye lewende lede van God se kerk wees – dus: ons verlos wees moet uit ons hele lewe en saamwees met God en mekaar uitvloei.

- Anders is ek/jy maar net hier, maar ek/jy en my/jou geloof is albei dood.
- In daardie geval is ons lidmaatskap van die kerk geen bewys van ons gemeenskap met God en van ons verlossing deur Hom nie.

Kom ons lees Kategismus Sondag 21 saam.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: *Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).*

(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: *Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).*

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord: *Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).*

(a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:3 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 23 Oktober 2005

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 17 Augustus 2014